K. D. SCHMIDT, *Grundrisz der Kirchengeschichte* I—III, Vandenboeck und Ruprecht, Göttingen 1949, 1950, 1952.

Die skrywer van hierdie werk bring ons 'n verwerking van die wetenskaplike materiaal op kerkhistoriese gebied en wil eintlik net 'n oorsig gee vanuit 'n bepaalde teologiese gesigspunt. Hy wil die kerkgeskiedenis verstaan as geskiedenies van Christus wat op aarde voortwerk. Geskiedenis van die kerk is vir hom geskiedenis van Christus in die wêreld. Maar omdat die geskiedenis van die kerk plaasvind tussen die koms van Christus in die verlede en toekoms in, is dit geskiedenis van Christus in die verborgene. Deur die feite-materiaal aan hierdie vooropgestelde beskouing diensbaar te maak bedoel hy om sy werk vir studente en teoloë nuttig te maak. Tenslotte erken hy dat sy werk gevolglik net 'n konfessionele inslag kan hê. Die belydenisskrifte van die Lutherse kerk vorm die beoordelingsgrondslag vir die kerkgeskiedenis in sy boek. Welke besware mens ook al teen so 'n beskouingswyse mag aanvoer, nogtans het die skywer vanuit hierdie gesigspunt uit geskiedenis besonder interessant voorgestel. In die eerste deel word die geskiedenis van die kerk op die bodem van die hellenisties-romeinse kultuur beskrywe, in die tweede die tydperk van die alleenheerskappy van die rooms-katolieke kerk op die bodem van die germaans-romaanse volkewêreld, terwyl die derde die geskiedenis van die kerk ten tye van die Hervorming en teen-Hervorming beskrywe. ('n Vierde deel wat verskyn het in 1952/3 behandel die Moderne tyd, dog dit was nie vir skrywer hiervan ter insae nie). As oorsig dus van die kerkgeskiedenis vanuit 'n Luthers-konfessionele standpunt is die werk besonder lesenswaardig en word as sodanig by studente en teoloë aanbeveel.

J. A. STOOP.